HOOFSTUK 9



# Maatskaplike Dienste — Haweloosheid

*Johannes Muller van Kaapstad het van die huis af weggeloop toe hy nog maar 'n jong seun was. Hy het nog nooit vir iemand gesê hoekom hy op straat woon nie. Met tye kry hy wel werk en dan kan hy 'n kamer huur. Maar nou is hy al so lank sonder werk dat hy weer op straat is. Partykeer gaan hy na die Haven-nagskuiling in Wynberg, waar hy darem twee maaltye en 'n bed kan kry.*



# Distrik: Boland

### *Nagskuiling*

Tennantstraat, **Stellenbosch** 7600
Posbus 766, Stellenbosch 7599
Tel: (021) 886 6173
Faks: (021) 886 6173
**Gemeenskapsgebaseerde organisasie—skuiling vir volwassenes**: Hierdie skuiling bied oornagfasiliteite en basiese versorging aan hawelose mense in Stellenbosch.
*(Dekking: Stellenbosch-omgewing)*

### *Nuwe Begin*

Brookestraat, Riverview, **Worcester** 6850
Posbus 148, Worcester 6850
Tel: (023) 342 7920
Kontakpersoon: Mev R Louw
**Nieregeringsorganisasie—skuiling vir volwassenes**: Mense van enige ouderdom word hier gehuisves, kos gegee en skuiling gebied. Die maatskaplike werkers help om mense te rehabiliteer. Hulle help die volwassenes om werk te kry en stuur die kinders na staatsgesubsidieerde skole.

### *The Haven*

Ambagsvalleistraat, **Hugenot** 7646
Posbus 9119, Hugenoot 7645
Tel: (021) 872 8380
Faks: (021) 872 8958
E-pos: hanspet@mweb.co.za
Kontakpersoon: Mnr W Kenned
**Nieregeringsorganisasie—skuiling vir volwassenes**: The Haven bied skuiling aan hawelose mense, en gee aan hulle twee maaltye per dag en 'n slaapplek. Sommige mense oornag net, ander weer bly maande, na gelang van hulle behoeftes.

# Distrik: Eden

### *The Haven*

Memoriamstraat 123, **George** 6529
Posbus 540, George 6530
Tel: (044) 873 2787
Faks: (044) 873 2787
Kontakpersoon: Mnr P Swanepoel
**Nieregeringsorganisasie—skuiling vir volwassenes**: The Haven bied slaapplek, kos en klere aan hawelose volwassenes. Hulle help ook met die rehabilitering van mense waar nodig, en voorsien medikasie. Die mense kan daar bly vir 'n tydperk van drie tot ses maande. Hulle het verskeie programme wat mense daarin bystaan om werk te kry. Hulle huisves tussen 50 tot 70 mense.

# Distrik: Stad Kaapstad

### *Beth Rogelim*

Alfredstraat 22, **Roggebaai** 8012
Posbus 7363, Roggebaai 8012
Tel: (021) 425 2138
Faks: (021) 421 7105
E-pos: bethrog@lantic.net
Kontakpersoon: Mnr R Mair
**Nieregeringsorganisasie—skuiling vir volwassenes**: Dié huis bied herberg en kos aan mans ouer as 26 jaar. Daar is op die oomblik 60 jong mans, 52 pensioentrekkers en 40 middeljariges.

### *Happy Valley*

Uit Palace Hillstraat, **Simonstad** 7975
Posbus 530, Simonstad 7995
Tel: (021) 786 5087
Faks: (021) 786 2944
Kontakpersoon: Mnr A Duraan
**Nieregeringsorganisasie—skuiling vir volwassenes**: Happy Valley is 'n skuiling vir gesinne en hulle kinders. Daar is op die oomblik ongeveer 60 volwassenes en 10 kinders. Hulle is by verskeie projekte, soos kunswerk, die maak van krale, die maak van kompos en herwinning, betrokke. Binnekort sal hulle ook met naaldwerk kan begin.

### *Ikhaya Labantu*

Hostelle No 33 en 34, Sone 17, **Langa** 7455
Posbus 252, Langa 7456
Tel: (021) 694 4062
Faks: (021) 461 6823
Kontakpersoon: Me E Kumkani
**Nieregeringsorganisasie—skuiling vir volwassenes**: Hierdie nagskuiling huisves mans, vroue en kinders. Die skuiling voorsien kos en klere aan sowat 70 mense, en het 'n kleuterskool vir die kinders. Die mense word verskeie vaardighede geleer, byvoorbeeld naaldwerkopleiding vir die vroue terwyl die mans opgelei word as sekuriteitsbeamptes. Dié opleiding stel baie mense in staat om werk te kry.

### *Loaves and Fishes*

Onder-Rochesterstraat 1, **Observatory** 7925
Posbus 13030, Mowbray 7705
Tel: (021) 448 5900
Faks: (021) 448 0684
E-pos: loavesandfishes@freemail.absa.co.za
Kontakpersoon: Mnr R Noble
**Nieregeringsorganisasie—skuiling vir volwassenes**: Die skuiling huisves mense tussen die ouderdomme 0 en 80 jaar. Daar is op die oomblik 60 volwassenes en 10 kinders. Die kinders tot en met ses jaar woon die skuiling se eie kleuterskool by en daarna gaan hulle na plaaslike skole toe. Die skoolfonds word deur staatsubsidies gedek. Die skuiling help volwassenes om werk te soek.

### *The Carpenter Shop*

Roelandstraat 14(a), **Kaapstad** 8001
Posbus 3766, Kaapstad 8000
Tel: (021) 461 5508
Faks: (021) 461 8766
E-pos: info@tcs.org.za
Kontakpersoon: Mnr J Ball

**Nieregeringsorganisasie—skuiling vir volwassenes**: Hierdie skuiling help met die rehabilitasie van mense ten einde hulle weer gereed te kry vir die normale samelewing. Hulle bly in die nagskuiling vir ongeveer drie maande, waarna die skuiling hulle daarin bystaan om blyplek te kry of om met hulle gesinne te herenig. Hulle is betrokke by opleidingsprojekte in herwinning, paneelkloppery, spuitverfwerk, sweiswerk en houtwerk. Inwoners kry een gekookte maaltyd per dag en het toegang tot storte en wasfasiliteite. Hulle het ook toegang tot 'n mediese dokter en 'n voltydse maatskaplike werker. Laasgenoemde hanteer hulle spaarrekeninge, pensioene en toelaes. Inwoners moet maandeliks huur betaal om hulle daarop voor te berei om weer in die samelewing te kan funksioneer.

### *The Haven-skuilings*

1. Piersstraat 16, **Wynberg** 7800
   Posbus 18746, Wynberg 7824
   Tel: (021) 762 8243
   Faks: (021) 761 3300
   Kontakpersoon: Me A Mariunus
2. Selkirkstraat 20, **Kaapstad** 8001
   Tel: (021) 465 1310
   Faks: (021) 465 7774
   E-pos: distri6haven@telkomsa.co.za
   Kontakpersoon: Mnr M Prinsloo
3. Napierstraat 2, **Kaapstad** 8001
   Posbus 530, Groenpunt 8051
   Tel: (021) 421 6219
   Faks: (021) 421 6219
   E-pos: napierhaven@mweb.co.za
   Kontakpersoon: Mev L Petersen
4. Polarisstraat 9, Nerrisa Factory 9, **Lansdowne** 7780
   Posbus 24529, Lansdowne 7779
   Tel: (021) 761 0946
   Faks: (021) 761 0944
   Kontakpersoon: Mnr GM Groenewaldt
5. Hoofweg (Langs die Cape to Cuba Restaurant), **Kalkbaai** 7975
   Posbus 139, Kalkbaai 7990
   Tel: (021) 788 5820
   Faks: (021) 788 5820
   Kontakpersoon: Mev L van der Westhuizen
6. Firstraat 5, **Claremont** 7708
   Posbus 23999, Claremont 7735
   Tel: (021) 671 4209
   Faks: (021) 671 4209
   Kontakpersoon: Mnr M O'Connor

**Nieregeringsorganisasie—skuiling vir volwassenes**:
**Wynberg:** Hierdie nagskuiling kan tot 150 mense akkommodeer en beskik oor badgeriewe sowel as slaapplek. Die inwoners ontvang twee etes per dag asook klere. Daar is ook geleentheid om opleiding in 'n aantal vaardighede te ontvang. Die skuiling gee ook kos aan mense wat buite die skuiling op straat woon.
**Kaapstad:** Hierdie nagskuiling kan ongeveer 80 mense huisves. Op die oomblik is hulle met verskeie projekte besig, byvoorbeeld die maak van blokke, die maak van masjiene waarmee klere gemaak kan word, paneelkloppery en spuitverfwerk. Die projekte word op die perseel onderneem.
**Napier Haven:** Hierdie skuiling vir volwassenes beskik oor fasiliteite soos bad- en slaapgeriewe. Mense bly gewoonlik vir ongeveer drie maande in die skuiling. Daar is slaapplek vir 80 mense.
**Lansdowne:** Hierdie skuiling vir ongeveer 80 volwassenes beskik oor slaap- en badgeriewe. Mense bly gewoonlik vir ongeveer drie maande in die skuiling, of soos hulle dit benodig. Hulle kan ook berading by die skuiling ontvang.
**Kalkbaai:** Dié skuiling huisves 25 volwassenes, en kos en slaapplek word verskaf. Die sentrum help ook met vaardigheidsopleiding, en bied raad en rehabilitasie aan, soos nodig. Die mense bly ongeveer drie maande daar en word bygestaan in hulle soektog na werk.
**Claremont:** Hierdie nagskuiling het 36 beddens, 10 vir vroue en 26 vir mans. Daar is ook 'n sopkombuis. Op Dinsdae en Vrydae word die skuiling oopgestel vir mense buite die skuiling wat dan ook kos ontvang.